

KOMMUNIKAMMA 9 AUGUSTUS 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net



TEKS VIR DIE WEEK:

Ps. 46: 11 & 12

“Wees stil en weet, Ek is God! Ek sal vereer word deur die nasies, verhewe bo die hele aarde. Die Here, die Almagtige is by ons. Ons skuilplek is by die God van Jakob.”

SAKE VIR GEBED:

- Ons bid vandag spesiaal vir elke vrou. Julle is elkeen werklik kosbaar en spesiaal vir die Here en vir ons.
- Ons loof en prys ons Here vir die wonderlike reën wat geval het. Ons bid vir nog reën vir ons opvangsgebiede en die dele van ons land wat nogsteeds gebuk gaan onder 'n knellende droogte.
- Ons is so dankbaar vir almal in die gesondheidsdienste, wat onder geweldige druk en moeilike omstandighede, hulle werk met soveel moedigheid, liefde en onbaatsugtigheid voortsit.
- Van die pasiënte wat Covid-19 kry word baie siek. Ons bid vir genesing.
- Dankie dat daar so 'n groot persentasie pasiënte van die pandemie herstel het. God is so goed.
- Ons hoor daaglik van besighede wat hul deure sluit en van mense wat, agv die abnormale omstandighede, hul werk verloor. Ons harte gaan uit na hulle almal en ons vra ons almagtige Vader vir uitkoms.
- Ons dink aan almal wat aan die onderwys verbonde is, veral ons matriekleerlinge wat onder die nuwe abnormaal, hul skoolloopbane voltooi.
- Danie van Wyk sukkel met sy gesondheid.
- Giel Meyer gaan die week in hospitaal toe vir 'n operasie.
- Judy Meyer se ma is baie swak.
- Kallie Kotze is baie ernstig siek. Ons bid vir Rooikop en sy familie.
- Ansie, dogter van Fritz en Nicky van Muapula moet vir 'n operasie in Kanada gaan.
- Andries Els sukkel met sy gesondheid.

- Daar is so baie bejaardes wat afgesonderd en eensaam is agv van die pandemie. Hulle voel ingeperk en onseker. Dra hulle aan die Here op asseblief.
- Die Voedsel-projek gaan voort. Baie dankie vir almal wat hul harte en hande so mildelik oopmaak. Elkeen se bydrae maak 'n verskil.
- Ons geestelike leiers en sendelinge se werk gaan onverpoos voort om die Here te dien. Ons is so dankbaar vir almal wat in hierdie tyd tot bekering kom. Loof die Here!
- Die korrupsie en versteurde rasseverhoudings in ons land en wêreldwyd wek groot kommer. Ons bid en glo dat God in Sy alwysheid 'n oplossing daarvoor sal werk.
- Julle is oneindig kosbaar in die oë van die Here. Ons dank God vir elkeen van ons gemeentelede.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Gedurende vrouemaand bid ons veral vir dames in **Qatar** wat tot bekering gekom het. Hulle kan onder huisarres geplaas word, hulle reisregte mag ingeperk word en hul kan selfs fisies mishandeling in die gesig staar. Bid dat hulle sterk sal staan en hul geloof nie sal wankel nie.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die kerkraad het besluit om nie te begin met eredienste in die kerkgebou nie. Die besluit sal hersien word op die kerkradsvergadering van 19 Augustus.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 9 Augustus

EREDIENSTE

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Dinsdag 11 Augustus

Ons Bybelstudiegroep doen die nuwe boek van Deon Loots: Net een ding is noodsaaklik. Ons zoom Dinsdae van 15:30-16:30 vir Bybelstudie. Laat weet as enige iemand by ons wil aansluit of dalk net die boek wil hê. Ons zoom al te lekker saam. (Elizma Harmse – 083 940 5617)

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Aflaai van voedselhulp aan PE-Noord. Kyk aankondiging hieronder.

Woensdag 12 Augustus

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

GEMEENTEBIDUUR

Ons hou elke Woensdagaand om 18:00 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

Vrydag 14 Augustus

MANNEGROEP

05:30-06:30 Mannegroep op Zoom. Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Wattsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier.

Sondag 16 Augustus

INRY NAGMAAL

09:00 Inry nagmaal agter die kerkgebou. Persone wat kom, moet asb hul eie wyn en brood saambring. Almal moet ten alle tye in hul motors bly. Slegs 50 persone word toegelaat. Indien u die diens wil bywoon, moet u asseblief met Niekie kontak voor of op Donderdag 13 Augustus 2020. Haar besonderhede is bo-aan hierdie Kommunikamma. Die erediens sal steeds digitaal beskikbaar gestel word.

Gemeentes verenig in gebed op 16 Augustus

Ons bid saam vir die pandemie, gesondheidsdienste, werkloosheid en armoede, plaaslike bestuur, droogte, die waterkrisis en geweld en misdaad.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 9 Augustus Christoff Bosch, Charl du Plessis, Christo Jooste, Mias Nieuwoudt, Igie Rademeyer, Anrich van der Westhuizen en Jaunitha Vorster
- 10 Augustus Neville Noble, Freek Pretorius en Eunice van Biljon
- 11 Augustus Eddie de Koning, Riëtte Jonker, Christa Kolesky, Dalena van Niekerk en Marius Winter
- 12 Augustus Brendan Capstick, Lucien Coetzee, Siënna Delpont en Willem Verwey
- 13 Augustus Marlene Rossouw, Leon Scheepers, Dick van der Spuy, FG van Wyk en Heilencia van Zyl
- 14 Augustus Zandr  Kohne, Danielle Rabie, Santjie van Niekerk en Robert Vermeulen
- 15 Augustus Carol Koen, Megan Tait en Mari van der Merwe



STAP, DRAF, TRAP VIR BYBELS

Die Bybelgenootskap vier op Sondag 23 Augustus hul 200ste verjaardag!

Die groot projek wat hul in die vooruitsig stel vir hierdie besondere verjaardag, is om 2 miljoen Bybel-pakkette van R100 elk, bestaande uit 'n Bybel plus 'n stel Doen en Leer Boeke, in ons land te versprei. Dit is bedoel om die nood aan Bybels onder behoeftiges te verlig. Daar is meer as 23 miljoen mense in ons land sonder Bybels, en d t maak van ons 'n Bybel-arm land.

Stap/Draf/Ry op Saterdag 22 Augustus tussen 09:00 en 12:00 na die Bybelhuis in Cotswoldlaan 31, Cotswold. Daar kan jy by die "Drive/Walk-Thru" jou R100-00 donasie inbetaal. Donasies kan ook direk in ons kerk se bankrekening inbetaal word. Merk dit asb. duidelik vir die Bybelgenootskap.

Kraggakamma gemeente is in die Oos-Kaap finansi el een van die grootste ondersteuners van die Bybelgenootskap. Kom ons bly deel van die Bybelgenootskap se ywer om die Woord van die Here in elke huis in Suid Afrika te kry. Vir meer inligting, kontak Ben Fourie by sel: 0834482137.

VGK SA Cala

Die Magrietjie-selgroep het kinderontwikkelings-pakkies saamgestel vir 'n kleuterskool in Cala en benodig nou 'n saamrygeleentheid vir hierdie bokse. Indien die bokse tot in Queenstown kan kom, sal dit al klaar baie help. Kontak vir Zelda Bakkes (083 950 6096) indien jy kan help.

DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.



SPANNE WANNEER EREDIENSTE HEROPEN

Wanneer eredienste hervat, benodig ons ten minste twee spanne in die gemeente - een vir die ontsmetting van die gebou en een vir die verwelkoming van lidmate en bestuur van toegang tot die erediens ("screening"). Mense wat hier wil dien, kan ook met Niekie skakel.

HULP AAN PE-NOORD

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 5 Aug is reeds R 120 945.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassarylaan 82) afgelaai word en van 17:00-19:00 by MG van Rooyen (Asterlaan 16). U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in die kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

DANKOFFER

Die eerste 5 maande van ons nuwe finansi le jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansi le offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



ADVERTENSIEBLAD

Hierdie advertensieblad gee gemeentelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.

Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za.

Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 weekliks uitgestuur op die Watsapp gemeentegroep.